

## Stellenberg gemeente: Erediens Sondag 10 Mei 2020

Prediker: Ds. Callie Visagie

Teks: 1 Petrus 2:2-9

Tema: Die uitsig deur my venster

### Stilword en gebed

Willie van der Merwe (tans professor in Godsdiensfilosofie aan die Vrije Universiteit Amsterdam) het 'n gedig in die bundel *Doodmenslik* geplaas. Hy dra die digbundel op aan Lettie, sy vrou wat oorlede is nadat sy van 'n trap in hul huis in Nederland geval het. Dit is so toepaslik vir ons eie omstandighede

### optelsom

### WL van der Merwe

Jesus min my  
Tel my op  
Maal my, deel my  
Tot ek klop

### Skriflesing

1 Petrus 2: 2-9

In hierdie tyd ontvang vele van ons baie ernstige tot skreeusnaakse WA- en FB-boodskappe. Een so 'n groep wat by my uitgekome het, is 'n Facebook-groep met die naam **“View from my window”**. Mense van oor die wêreld heen plaas hier foto's van hulle wêreld tydens inperking – soos gesien van binne, na buite, deur hulle vensters.

Daar is:

- 'n Pragtige uitsig oor Lake Como in Italië.
- Vanaf 'n redelike deurmekaar naaldwerktafel 'n uitsig na die tuin.
- Vienna, Oostenryk, 'n stad oud en nuut met bouery en berge in die vertes.
- “Mine is not great!” sê 'n ander een vanuit 'n woonstelgebou in Cambridge, Engeland.
- 'n Eend wat met haar drie kuikens oor die plaveisel stap vanuit Toronto, Kanada.
- Heather Head vanuit haar sitplek in die vliegtuig met die wolke en die vlerk van die vliegtuig as fokuspunt en byskrif: “Heading home”.
- Iemand wat in Moskou in die baksteenmuur van sy buurman sowat 3 meter ver vaskyk – sy enigste uitsig.
- 'n Ma met 'n 7-jarige kind (in angs met haar siek kind?) in Hereford hospitaal wat uitkyk op 'n deurmekaar bouperseel.
- 'n Uitsig op 'n deurmekaar en verwaarloosde klein erf in Mexikostad, Argentinië.

- 'n Mooi toneel met die pragtige wolke en die Reykjavik in die verte vanuit Ysland.
- Ek het self 'n foto geneem van ons eie uitsig van ons stoep waar ek en Marieta ons cappacino in 'n oggend ritueel drink. Ek het in dié tyd foto's gekry van al my kinders. Een in Johannesburg, ander vanuit Koffiefontein in die Vrystaat, uit Gansbaai, nog een uit Londen, een net om die draai van ons af.

Elkeen se individuele foto vertel 'n unieke verhaal. Nie altyd so romanties of so dat dit jou asem wegslaan nie. Sommige net doodgewoon. Miskien sommer net: "Mine is not so great!" Ek wonder hoe lyk jou foto. Jou omstandighede . . .

Die omgaan met hierdie gedagtes (foto's) het my in 'n vreemde gemoedstemming geplaas:

- Oor 'n ongekende verbondenheid met my eie familie, maar ook met mense vanoor die wêreld heen.
- Van Moskou tot in Durbanville – mense wat in dieselfde bootjie sit (maar onder verskillende omstandighede).
- Baksteenmure, eendjies wat stap, siek kinders in die hospitaal, verlange na geliefdes ... Wanneer het dit al ooit gebeur dat ons so in dieselfde taal praat?

Petrus (eintlik blykbaar Silvanus wat die brief geskryf het) se konteks en omstandighede is heelwat anders (ongeveer 65 – 85 n.C.), maar hy praat ook met mense wat onder moeilike omstandighede leef. Die afgelope Sondag waar ons by die Petrus-brief stilgestaan het, het ons gehoor dat hy aan mense skryf wat in die noordelike streke van Klein-Asië (die moderne Turkye) gewoon het en ter wille van hulle geloof vervolgd en onderdruk is.

**Hy skryf om hulle te bemoedig. Die tema van sy brief: "Hoop in lyding".**

- Hoe moet hulle optree?
- Watter raad gee hy vir hulle?
- Wat is die uitwaartse optrede, maar veral ook die innerlike prosesse wat tydens lyding in gelowiges moet plaasvind?

Ons kan verseker nie ons omstandighede met mense vergelyk wat in 70 n.C. geleef het nie.

- Hulle het hulle eie unieke vyande (sigbaar en onsigbaar) gehad.
- Die konteks waarin ons en hulle leef, verskil – en daarom ook elkeen van ons se foto's.
- Of ons nou in die noordelike voorstede of waar in die wêreld ook al sit. Elkeen van ons het in dié tyd ons eie ervaring en belewing.
- Sommige verhale is dié van onsekerheid en angs. Kommer. Verlange. Alleenheid. Heimweë. Verdieping. Konflik. Opstand. Magteloosheid. Vrede. Dankbaarheid.

- Wat is joune? Moontlik 'n baksteenmuur, of is dit 'n uitsig oor 'n lieflike meer?

Die skrywer beklemtoon dat hulle die volk van God is wat op die kosbare hoeksteen van Christus gebou is. Hy gebruik verskillende metafore om aan hulle te verduidelik dat hulle waardevol is en beklemtoon die plek wat hulle as die volk van God inneem.

- Hulle is lewende stene wat opgebou moet word tot 'n geestelike huis om gevorm en verander te word om diensbaar te wees “wat deur Christus vir God welgevallig is” (vers 4).
- Hulle moet soos pasgebore babas wees wat smag na melk, smag na geestelike melk om op dié manier tot geestelike volwassenheid te kom (vers 2).

Richard Rhor, 'n Franciskaanse geestelike, skryf die afgelope tyd oor lyding, ang, vrees en pyn – ook na aanleiding van wat mense in die tyd deurmaak.

- Hy sê dat ons in die ontwikkelde Westerse wêreld soms baie naïëf is oor pyn en swaarkry. In 'n sekere sin het ons amper nie tyd daarvoor nie.
- Nou het ons tyd om anders na lyding te kyk. Ons hanteer dit dikwels gewoon deur dit óf te ontken, óf met ysere wil deur te druk en vas te byt, 'n pilletjie te neem, terapie te kry en soms vergeet ons die heeltemal voor die hand liggende: *We do not handle suffering. Suffering handles us.*
- Ons hanteer nie die lyding nie. Die lyding hanteer ons, maar Covid-19 werk met ons!
- Covid-19 bied unieke uitdagings aan elke individu, familie, werkkring en gemeenskap. Hoe gaan ons daarop reageer? Op elke vlak waar ons leef en werk.

Hierdie melk wat ons nou moet drink, proe so 'n bietjie anders.

- Ja, geestelike melk vol verskillende voedingsmiddele.
- In hierdie tydgleuf van ons lewens neem ons die melk en vir elkeen proe dit anders.

Ek wil net by een aspek stilstaan wat tipies is van kindertjies wat melk drink. Hulle verander, ontwikkel, groei, begin woordjies sê, praat, kruip, loop wankelend, begin vaste kos eet, later self eet – daar vind voortdurend verandering, aanpassings en ontwikkeling plaas. Ouers raak doodbekommerd as hierdie ontwikkeling nie plaasvind nie.

Met die in neem van geestelike melk verander jy ook, groei jy, word jy opgebou as 'n lewende steen om 'n unieke rol te speel in jou spesifieke omstandighede. Interessant: ons gemeentebelydenis sluit baie nou aan by hierdie begrip en om voortdurend te vernuwe en te verander. Om by nuwe en veranderde omstandighede aan te pas.

Ek het verwys na die luiperd in 'n kort artikel oor die kerk in ons onlangse “Stellenberger” (gemeenteblyd) – die luiperd wat een van die dierspesies is wat die beste aangepas het by ewigdurend veranderde omstandighede.

Bevolkingsaanwas, ontwikkeling en uitbreiding plaas reuse druk op die natuurlike omgewing, kosvoorsiening en natuurlike jaggebiede van baie diere en spesifiek ook die luiperd. Die luiperd is wat aanpasbaarheid betref die koning van die dieryk. Jy sien hom stap in die winter in die sneeu op die Bolandse berge, maar ook in die dorre Namib.

- Afhangende van die terrein en grootte van hul jaggebiede verskil hul gewig en grootte. Hulle pas selfs met hulle pigmentasie aan. In Indië en die ooste het daar mettertyd 'n swart mutasie in velkleur gevestig wat 'n luiperd uitstekend in die diepe skadu kamoefleer en hom toelaat om meer suksesvol te jag.

Hoe drink jy die melk wat nou deur jou omstandighede vir jou gegee is?

- Ja, ons kan dit uitspoeg, want dit akkodeer nie nou lekker met ons spysvertering of ons smaak nie.
- Maar intussen is daar groei en ontwikkeling wat by ons elkeen moet plaasvind.
- Of jy nou in die yskoue Bolandse berge moet jag maak, in 'n kleiner area van die Krugerpark of Indiese of Maleisiese ooste ...

Die Here gee ons die voorskrifte, riglyne, gawes en vermoëns om aan te pas. Om as lewende stene gebruik en ingemessel te word in 'n nuwe veranderde gesins-, werk- en samelewingsomstandighede en gemeenskap.

Rahm Emanuel (raadgewer van een van die voormalige Amerikaanse presidente) het tydens een van die groot politieke krisisse blykbaar gesê: *“Never let a serious crisis go to waste”*.

Anders gestel: Moenie dat die geleentheid wat 'n groot krisis bied, verbygaan nie. Dit kan maar klink na bloot positiewe praat en bemoediging of motivering, maar dit is juis die geleentheid om:

- verder te gaan as wat jy gewoonlik kan
- die ekstra tree te loop
- verder uit te reik as normaalweg
- dinge te doen en aan te pak, wat jy nie voorheen aan gedink of sou probeer het nie.

Hoevele kunstenaars, besighede, kerke het in dié dae met nuwe kreatiewe planne na vore gekom om aan te pas, hul dienste aan te bied, besigheid te doen. Ek kan tientalle voorbeelde noem.

- **Karin Zoid** wat 'n uitvoering op 'n woonsteldak in Kaapstad hou (“Concert on the rooftop”)
- Een van die groot supermarkgroepe se plaaslike **kruidenierswinkels** in 'n kleiner sentrum wat aankondig dat hulle o.a. nie meer skryfbehoeftes verkoop nie sodat kliënte ander besighede in dieselfde kompleks wat uitsluitlik skryfbehoeftes verkoop, kan ondersteun.
- Netwerk24 berig dat 'n groep meganiese ingenieurs van NWU 'n **kitsbank vir pap** ontwerp het en in bedryf gestel het. Dit kan honger Suid-Afrikaners teen laer kostes voed, die verspreiding van kospakkies uitskakel en die oordrag van die virus tot die minimum beperk. Verrykte gaar mieliemeel word met melk en suiker gemeng en in pakke van 5kg verseël. Die ontvanger kry by die kitsbank toegang hiertoe met 'n pin-nommer wat aan hom/haar gestuur word vanaf die sender.
- **In ons gemeente** het ons ook gepoog om op kreatiewe maniere die eredienste aan te pas, kategeese aan te bied, te kommunikeer en ons bedieningsmodel in te rig.

Mag hierdie tyd vir jou “suiwer geestelike melk” wees en jy daarmee as “lewende steen opgebou word!”

Amen.